Sondag : 15 Januarie 2017
09:30 Gesamentlike Erediens—Intreepreek Ds Ben Van Tonder
18:00 Aanddiens Adendorp
18:00 Koffiekroeg
Dinsdag : 17 Januarie 2017
10:00 Biduur Edenhof en Huis van de Graaff
18:00 Dagbestuursvergadering GK
Donderdag : 19 Januarie 2017
17:30 Kategete-afskop—Konsistorie
Sondag : 22 Januarie 2017
09:30 Erediens GK & NK
Bekendstelling en registrasie van Sondagskool 2017—GK (net na erediens)
18:00 Aanddiens Adendorp
18:00 Koffiekroeg

Jeug

Ons benodig kategete om ons te help met die Sondagskool!!
Indien jy dalk wil help met die aanbieding van Sondagskool, CSV en/of koffiekroeg (slegs een maal per maand) - kontak asb. die kerkkantoor of ontmoet ons Sondagaand by die Koffiekroeg (Nuwekerk) om 18:00.
Dalk is dit die plek waar die Heer jou wil gebruik in Sy Liggaam.
Ons jeug is vir ons kosbaar ♥

Karoo Mighty Men Conference

28-30 April 2017, Middelburg
Registreer nou via SMS/Whattsapp : 0828577839
Epos : info@karoommc.co.za

NUWE INTREKKERS

Indien u ingetrek het in Graaff-Reinet en deel van die familie van Grootkerk wil wees, wil ons u welkom heet in ons dorp en gemeente. Die Heer het 'n rede waarom jy tans hier woon en werk. Hy wil sekerlik ook jou benut as deel van Sy Liggaam in die dorp – mag jy ontdek waar hy jou wil benut en mag hierdie fase van jou lewe vir jou heerlik, sinvol en verrykend wees. Bly asseblief agter na die erediens om ons skriba, Cheryl du Preez, te

KATEGESESKOOL

Ons kinders en ouers kom volgende Sondag, 22 Januarie, na die erediens in die kerkgebou byeen vir die wegspring van kategese in 2017. Bid asseblief saam met ons vir die styl van aanbieding waaroor ons na die erediens moet praat.
Ons vra asb dat alle ouers en kategese na die

KERKKALENDERS

As u nog nie 'n kalender gekry het nie, kom haal asseblief een by die kerkkantoor (oop vanaf 08:00 – 13:00 op Maandae tot Vrydae).

KLEINGROEPE

Ons gaan kleingroepe help vorm uit name wat ons verlede jaar gekry het. Indien jy ook die behoefte het om in te skakel by 'n groepie waar ons rondom die Woord kuier, ons lewens met mekaar deel en sommer net familie vir mekaar raak – gee jou naam asseblief in by die kerkkantoor (049 892 2422)

Verjaarsdae

15 Januarie—Marlene Conradie, Carol Cronje, Marlise Deysel, Esna Senekal, Muriel Van Heerden
16 Januarie—Linda Bezuidenhout, Marina Van Huyssteen
18 Januarie—Marcel Blignaut, Albert Senekal
19 Januarie—Johannes Marais, Martin Pearson, Marlise Vorster
20 Januarie—Anita Burger, Marie-Antionette Gouws
21 Januarie—Danie Erasmus, Johan Prinsloo, Loraine van Zyl, Conrad Vosloo, Golden Whitehead

Toewydingsweek 2017

Ons nooi u uit na die bidure om 18:30 in Nuwekerk vanaf Maandag 23 Januarie tot Donderdag, 26 Januarie.

Gedurende hierdie week kan ons onsself toewy aan die Heer vir die komende jaar en ook stilstaan by die "fontein van Sy krag.

Leerders en Leerkragte

Ons verwelkom ons onderwysers vandag spesiaal in die erediens. Die Heer het julle geroep vir 'n uiters belangrike taak in die opvoeding van jongmense. Ons wil vandag sommer vir julle dankie sê vir wat julle doen, asook julle met ons seënwense uitstuur om in 2017 jul roeping met ons ondersteuning en toegerus met die Heer se krag in opgewondenheid te gaan doen.

Dankie Here vir die heerlike reën!

Vir die afgelope tyd het ons land die reën so broodnodig gehad. Menigmale het die weer belowend gelyk, maar dit was tevergeefs. Nie genoeg om die droogte te klop nie. As 'n nasie het ons saam gestaan en op ons knieë gesmeek en gepleit vir ons Hemelse Vader om vir ons net genoeg te stuur sodat ons kan oorleef. Hy het voorsien en het die wolke opdrag gegee om ons te seën met water uit die Hemel. Dankie, Heer, dat U altyd voorsien wanneer ons dit die meeste nodig het. U leer ons elke dag om saam as 'n eenheid op U te vertrou sonder twyfel, want ons almal dien 'n Al-

Voorbidding

Ons doen voorbidding vir alle mede-gelowiges met gesondheidsprobleme en siektetoestande. Ons dra ook mede-gelowiges wat armoede moet trotseer, wat deur beproewing gaan en in eensaamheid die uitdagings van die lewe moet trotseer, op aan ons troue Vader:

Doen asb. spesifiek voorbidding vir die volgende persone :

Marenda Luckhoff (heupvervanging)
Hannelie Pienaar
Johan Sparrius

Brief van Sendeling—Alfred Paetzold

Liewe lidmate van NG Gemeente Graaff Reinet

Ons wens jou die Here se seën toe vir 2017!

Die jaar het nie baie goed vir ons begin nie: Belinda het malaria en dit gaan nie goed met haar gesondheid nie. Ons vra dat jy saam met ons sal bid dat die Here haar sal genees.

Ons beplan om die einde van die maand Suid-Afrika toe te ry, maar uit die aard van die saak moet Belinda eers gesond wees voordat ons die reis kan aanpak. Ons gaan Christiaan se paspoort hernu en sy visum kry sodat hy by Moody Bible Institute kan gaan swot en ook die ALERT kursus kan doen. Hy vlieg DV middel Maart VSA toe.

Goeie nuus is dat ons DV oor twee weke 'n groep gelowiges in ons dorpie gaan doop! Bid asb vir hierdie gelowiges om nie bang of skaam te wees nie. Bid asb ook vir krag vir hulle indien daar vervolging plaasvind as gevolg van hul openbare verklaring van hul geloof in Jesus Christus as hul verlosser.

As jy wil bel, Belinda se nr is +258 869502184 en my nr is +258 864935360.

Dankie vir julle voorbidding.

Alfred, namens Belinda, Christiaan, Bernard en Stefan

15 Januarie 2017

Baie welkom in die erediens!

Ds Ben van Tonder lei die diens vanoggend. Mag die Heer hom seën met die bediening van die Woord en ons ook voed met vandag se voedsel uit die Woord.

Skriflesing : Filipense 3

Tema : **Die grootste avontuur ooit**

GROOTNUUS

www.ggrootkerk.co.za / www.facebook.com/Grootkerk www.vriendevanggrootkerk.co.za

Sedert 11 Nov 1792